VOORLOPIGE INDELING VAN DIE RSA MET DIE OOG OP STREEKHISTORIESE NAVORSING

A.G. Oberholster

Elke dissipline wat hom aan streeknavorsing waag, lê norme aan waarvolgens streekgrense bepaal word. Die besonder interdissiplinêre aard van streekgeskiedenis maak dit egter moeilik om norme vir indeling in streekhistoriese streke te vind. Die tradisionele streke wat in die loop van meer as driehonderd jaar hul beslag gekry het, blyk in die praktyk nie 'n bruikbare indeling te wees nie.

Die streekgeskiedenis is geïnteresseerd in daardie aspekte van die verlede wat betrekking het op die sosiale en ekonomiese ontplooiing in 'n spesifieke, identifiseerbare gemeenskap, en dus onder meer in die wisselwerking tussen so 'n gemeenskap en die fisiese en kulturele omgewing te voorsien in sy basiese en hoëre bestaansbehoeftes. As dit geïdentifiseer is, kan vordering gemaak word om 'n werkbare indeling te doen.

Die voorlopige streekindeling wat op die bygaande kaart aangedui word, hou rekening met bogenoemde faktore en moet dien as 'n leidraad by die verdeling van die gekompliseerde nasionale gemeenskap in eenvoudiger groeperinge. Uit praktiese oorwegings is daar by die maak van die indeling ook rekening gehou met sake wat op die oog af nie ter sake is nie, in die eerste plek met bestaande administratiewe grense, in hierdie geval landdrosdistriksgrense, omdat statistiek wat vir die navorser van deurslaggewende belang is, aldus beskikbaar gestel word. Hierdie grense is egter ook van meer direkte betekenis vir die streekhistorikus omdat dit die tussentydse resultaat van streekadministratiewe ontwikkeling verteenwoordig. In die mate wat dit moontlik was om dit te bepaal, is daar rekening gehou met toekomstige ontwikkeling, en in die verband is swaar geleun op die Departement van Ontwikkeling en die Omgewing se Nasionale Fisiese Ontwikkelingsplan.

Aangesien dit onmoontlik was om met alle belanghebbendes in verbinding te tree, ontvang die Afdeling Streekgeskiedenis graag gemotiveerde kommentaar op hierdie voorlopige streekindeling.